| | | | |
|---|---|---|---|
| Publication: | Network24<br>http://www.netwerk24.com/Nuus/Droogte/strenger-waterbeperkings-kom-in-kaapstad-20161018 | Page: | Online |
| Title: | Strenger waterbeperkings kom | Publish date: | 27 February 2017 |
| AVE: | R31, 276.00 | Author: | Deur Yaël Malgas |

**Strenger waterbeperkings kom**

Saldanhabaai-munisipaliteit bevestig strenger waterbeperkingsmaatreëls sal eersdaags ingestel word, dit terwyl die omstrede Elandsfontein-fosfaatmyn wag om te hoor oor hul uitstaande watergebruikslisensie.

Die myn-aktiwiteite mag nie geskied alvorens dié lisensie van die departe-ment van water en sanitasie (DWS) gekry word nie.

Volgens Sputnik Ratau, DWS-woordvoerder, word daar nog aan Kropz – die meerderheidsaandeelhouer van die myn – se aansoek gewerk.

Ratau het nie 'n datum verskaf wanneer die aansoek finaal afgehandel sal wees nie.

Dit ná *Die Burger* berig het die departement sou teen Maandag die lisensie uitreik, al dan nie.

"Kropz is in gereelde kommunikasie met die departement, maar geen watergebruikslisensie is uitgereik nie," het myn-woordvoerder Charmane Russell Dinsdag aan *Weslander* gesê.

As deel van die mynbedrywighede sal die myn 1,6 megaliter water per dag gebruik, minder as die 2,4 megaliter wat aanvanklik beraam is.

Dié skoon drinkwater sal vanaf die munisipaliteit verkry word.

Kropz sê die munisipale water sal hoofsaaklik gebruik word om die ontginde fosfaat van die silika waarin dit voorkom, te skei.

Volgens die maatskappy sal hulle glo binne drie jaar "bydra tot 'n toename in drinkwater" danksy 'n watersuiweringsaanleg wat hulle sal oprig.

Dié water sal na Vredenburg se watersuiweringsaanleg herlei word vir industriële gebruik.

Dit sal beteken minder drinkwater sal in geheel vir nywerheidsdoeleindes gebruik word, meen Kropz.